**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Nommer al jou antwoorde presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

- Bestudeer die volgende leestekste in hierdie afdeling sorgvuldig en beantwoord daarna die vrae wat daaroor handel.
- Nommer die vrae in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen antwoorde.

## Die wêreld van die rekenaar

1. ***Eeue*** lank was die pen magtiger as die swaard. Toe breek die tegnologiese era aan en maak die rekenaar sy verskyning. Pen en swaard het die stryd verloor. As jy rekenaargeletterd is, hoef jy net 'n paar knoppies te druk en siedaar! wonderwerke gebeur.

2. Die vernaamste funksie van 'n rekenaar is om groot hoeveelhede inligting vinnig en foutloos te verwerk. Maar dis nie die blikbrein se enigste gebruik nie. Hy's ook daar vir jou plesier. Met sy hulp kan jy jou gunsteling-sport beoefen, of soos Tarzan aan takke rondswaai en soos 'n geharde soldaat veg.

3. En as jy weet hoe om 'n rekenaar te gebruik, kan die stukkie elektroniese toerusting jou oneindig baie bevrediging en plesier gee. Tog is die woord "rekenaar" genoeg om baie mense die skrik op die lyf te jaag.

4. Waar begin jy? Wat druk jy wanneer? En wat doen jy as jy per ongeluk die verkeerde opdrag gee en blikbrein begin piep asof jy 'n mes tussen sy ribbes ingedruk het? Dis maar 'n paar kwelpunte wat menige mens laat huiwer om die kuns te probeer bemeester.

5. Hoewel baie minder vroue as mans aktief by die rekenaarwêreld betrokke is, is dit nie net hulle wat geïntimideer word deur die skynbare gemak waarmee hul kinders rekenaars gebruik en oor RAM, ROM, CD-ROM en Megabytes praat asof dit nuwe soorte pizzas is nie, sê mnr. Jan Evertse.

6. Mnr. Evertse, 'n rekenaarkundige van Stellenbosch, het reeds 'n hele paar rekenaarhandleidings uitgegee. Dit word ook by technikons in Johannesburg en Vanderbijlpark gebruik. Hy behartig ook 'n groot deel van die rekenaaropleiding van die Kaapse Metropolitaanse Raad.

7. Verskillende rekenaars het verskillende gebruike. Dit kan vir praktiese doeleindes gebruik word, bv. boekhouding, woordverwerking, programmering of skakel tussen kantoor en huis, vir ontspanning, of vir ontvlugting na 'n skynwêreld (bekend as virtual reality) waar werklike handelings en gebeure nageboots word.

8. Omdat die rekenaarmark al gevestig is, het dit vir baie mense goedkoop genoeg geword om 'n eie persoonlike rekenaar, ook bekend as 'n mikro-rekenaar, te kan bekostig.

9. Almal wat deeltyds of heeltyds van die huis af werk en vir die doel persoonlike rekenaars aangeskaf het, sal saamstem dat dit 'n geweldige bate is – nie net omdat dit doeltreffend en tydbesparend is nie, maar ook omdat dit jou in staat stel om agterstallige werk tuis af te handel.

10. Maar voordat jy besluit dis tyd om 'n rekenaar vir jou en die gesin aan te skaf, moet jy eers besluit of dit vir een of meer van die volgende gebruik gaan word: speletjies, boekhouding, skryfwerk, ontwikkeling van die kinders, programmering, internetskakeling, ens.

**(Verwerk uit: *Sarie*, Junie 1995)**

1.1 Wat word met die uitdrukking **die pen is magtiger as die swaard** (par. 1 ) bedoel ? (1)

1.2 Sê in jou eie woorde wat jy onder die term **rekenaargeletterd** (par.1) verstaan. (1)

1.3 Die rekenaar staan ook bekend as _________ . Haal slegs EEN woord uit paragraaf 2 as antwoord aan. (1)

1.4 Haal EEN woord uit paragraaf 2 aan wat dieselfde as **belangrikste** beteken. (1)

1.5 Wat is die vernaamste funksie van 'n rekenaar? (1)

1.6 Indien jy bevrediging en plesier uit jou rekenaar wil put, moet jy eers volgens paragraaf 3 aan 'n sekere voorwaarde voldoen. Noem hierdie voorwaarde. (1)

1.7 Gee EEN rede (volgens paragraaf 4) waarom sommige mense nog bang is om rekenaars te gebruik. (1)

1.8 Waarom gebruik minder vrouens rekenaars as mans(volgens paragraaf 5)? (1)

1.9 Watter bewys is daar dat mnr. Evertse (paragraaf 6) 'n kundige op die gebied van rekenaars is? (1)

1.10 Alle rekenaars word vir dieselfde doel gebruik. Is hierdie stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit par. (6-7) aan te haal. (2)

1.11 Watter positiewe uitwerking het die feit dat die rekenaarmark gevestig is? (1)

1.12 Watter nut het die rekenaar vir mense wat van hulle huise af werk? (1)

1.13 Indien jy 'n rekenaar wil koop, moet jy eers 'n belangrike vraag aan jouself vra. Wat is hierdie vraag? (1)

1.14 Hoe sou jy die aard van hierdie teks beskryf?

1.14.1 Informatief
1.14.2 Beskrywend
1.14.3 Humoristies
1.14.4 Verhalend (1)

**(15)**

## Cell C
## for yourself



**1. Jou Voorneme: Bespaar meer**
**Easy Chat-voordele: Onmiddellike waarde met 'n vaste R2- tarief**

Bederf jouself met Cell C se ongelooflike waarde wat onmiddellik geld. Kies Easy Chat All Day as jy die meeste van jou oproepe gedurende die dag maak, en Cell C gee jou 'n lae vaste tarief van R2 per minuut op al jou oproepe.

**2. Jou Voorneme: Kontak jou geliefdes meer dikwels**
**Easy Chat-voordele : Vriende en familie se 10% afslag**

Net Cell C gee vir jou 'n volle 10%-afslag op alle spitstydoproepe na vriende en familie-nommers. Elke keer wat jy met spesiale mense praat, bespaar jy 10%. Skakel 142 om die twee nommers wat jy die meeste skakel te aktiveer.

**3. Jou Voorneme: Vereenvoudig die lewe**
**Easy Chat-voordele: OTM-herlaaifunksie by Absa**

Gerief is die antwoord. Herlaai jou Easy Chat kontantkaartselfoon by enige OTM van ABSA, dag of nag. Ons stuur aan jou 'n **gratis SMS** om dit te bevestig. Jy kry ook 'n OTM-strokie as bewys van die transaksie.
**OUERS**: Behou kontak, enige tyd en enige plek!

**(Aangepas uit: *Sarie*, Januarie 2003)**

1.15 Hoe sal jy daarby baat as jy die Easy Chat All Day-opsie kies? (1)

1.16 Watter nommer moet jy skakel om gebruik te maak van die vriende-en-familie-opsie? (1)

1.17 Watter voordeel bied Cell C jou wanneer jy met geliefdes praat? (1)

1.18 Is dit nodig om na 'n Cell C-tak te gaan om jou selfoon te herlaai? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Waarom is dit vir ouers gerusstellend as hulle kinders selfone het? (1)
**(5)**




**(Uit: *Die Burger*, 24 Maart 2003)**

1.20 Watter visuele bewys is daar dat dr. Manto nie die waarheid praat nie? (1)

1.21 Is dit slegs armes wat VIGS kry? Haal 'n sin op **een** van die plakkate aan ter stawing van jou antwoord. (1)

1.22 Die woorde op een van die plakkate lui soos volg: **beloftes maak skuld**. Wat word met hierdie woorde bedoel? (1)

1.23 Lees die opskrifte van die plakkate. Sê in een sin hoe VIGS gestop kan word. (1)

1.24 Wat word met die woorde **stop die slakkepas** op een van die plakkate bedoel? (1)
**(5)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B
**OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande artikel sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

LET WEL:

- Alle opdragte moet in volsinne uitgevoer word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Dui na elke antwoord die getal woorde wat jy gebruik het aan.
- Meld die getal woorde wat jy gebruik het aan die **einde van die vraag**.
- Begin elke sin op 'n nuwe reël.

1. Die Automobiel-Assosiasie het die volgende raad vir vakansiegangers om hul reis en vakansie veilig en moeiteloos te maak.

2. 'n Hele rits roetekaarte is by AA-winkels beskikbaar. Laat vriende en familie weet wanneer julle vertrek en terugkeer. Gee hulle 'n afskrif van jul beplande roete.

3. Ondersoek jou motor. Kyk veral na kop-, flikker-, rem- en agterligte, windskermveërs, remme, stuur, bande en moontlike brandstoflekplekke. Jou motor moet padwaardig wees.

4. Sorg dat jou motor-, huishoudelike en lewensversekering in orde is. Dit gee 'n mens gemoedsrus as iets tydens die vakansie sou gebeur.

5. As jy 'n lid van die AA is, onthou jou lidmaatskapkaart. Dis die sleutel tot diens van die AA en behoort altyd byderhand te wees.

6. Wanneer jy op pad is, moet jy sorg dat jong kinders in kinderstoele vasgegord is. Sitplekgordels kan lewens red, daarom moet jy en jou passasiers dit dra.

7. Handhaaf 'n veilige volgafstand en pas jou snelheid aan by die toestande. Ry stadiger wanneer dit reën of die padoppervlak nat is.

8. Stop gereeld en laat iemand anders ook bestuur waar moontlik. Sodoende waak jy daarteen dat jy moeg word.

9. Sorg dat jou motor altyd gesluit is en moenie waardevolle items daarin laat lê nie. Sluit dit eerder buite sig in die kattebak toe.

Moet nooit 'n kind of troeteldier in die motor los nie. Die temperatuur in 'n stilstaande motor styg baie vinnig en kan selfs in die winter noodlottige gevolge hê.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Junie 2003)**

2.1 Die Automobiel-Assosiasie gee waardevolle raad. Watter TWEE belangrike artikels van hierdie assosiasie behoort jy by jou te hê? Vat jou antwoord saam in 'n vol sin van nie meer as 15 woorde nie. (2)

2.2 Wanneer reisigers **op pad** is na hulle bestemming is daar talle reëls wat nagekom moet word. Vat die DRIE reëls wat gevolg moet word wanneer jy op pad is, saam in DRIE VOLSINNE van nie meer as 20 woorde in totaal nie. (6)

2.3 Daar is talle dinge wat jy NIE mag doen nie. Vat hierdie dinge wat jy NIE moet doen NIE saam in EEN SIN van nie meer as 15 woorde nie. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

AFDELING C

## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

- Beantwoord alle vrae in hierdie afdeling.
- Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel.

Lees die onderstaande tekse deur en maak daarvan gebruik om die vrae wat daarop volg te beantwoord.

## Dans jou gesond

***Dans kan veel meer doen as om jou soepel te hou of in 'n droomman se arms te laat beland. Dit kan emosionele wonde heel, jou liggaam versterk en jou siel vlerke gee.***

Wanneer laas het jy gedans? Oujaarsaand, op skool, of lank-lank gelede toe jy nog klein was? Kleintjies het mos die manier om hulle deur 'n lewendige liedjie te laat meesleur. Hulle swaai die armpies en wieg die lyfies en lag oopmond van pure lekker kry.

Baie van ons het ons spontaneïteit verloor. As musiek ons voete laat jeuk, stribbel ons teë: Ek het nie 'n dansmaat nie, ek is te oud, ek het twee linkervoete, met 'n lyf soos myne verloor jy net jou waardigheid op die dansvloer."

As jy dit selde of nooit op die dansvloer waag nie, kan jy gerus hierdie jaar jou dansjaar maak. Dans hou 'n lang rits voordele in. Dis 'n plesierige manier om partytjie te hou (en wie weet, dalk jou groot liefde raak te loop) en dis uitstekende oefening. Dit versterk jou immuunstelsel en stel goedvoelhormone vry. Om in pas met iemand anders te beweeg, kan 'n band tussen julle skep wat jou minder alleen laat voel. Daar is selfs dié wat sê hulle ervaar groter eenheid met God en die heelal terwyl hulle dans.

Dit kom daarop neer dat jy jou gesond kan dans – nie net fisiek nie, maar ook wat jou, siel betref. Die voorwaarde is dat jy jou dansvorm met oorleg kies. ’n Nag onder die diskoligte het ’n heel ander uitwerking as ’n gerusstellende aand tussen kringdansers of ’n emosiebelaaide sessie op ’n Biodanzadansvloer.

Kringdans en Biodanza is twee helende dansvorme wat onderskeidelik in die jare tagtig en negentig in Suid-Afrika posgevat het. Kringdans het uit Europa oorgewaai. Die wêreldbekende Chileense sielkundige, mediese antropoloog, digter, professor en kunstenaar, dr. Rolando Toro, is die brein agter Biodanza.

Op ’n dag het hy vir die pasiënte ’n partytjie gehou en gesien hul gedrag verander opmerklik terwyl hulle dans. Dit was die begin van ’n uitgebreide navorsingsprogram oor die uitwerking van musiek en dans op mense, asook die psigosomatiese oorsake van siekte. Veertig jaar later is die navorsing in volle gang. Die bevindings vorm die ruggraat van die Biodanzaprogram. In 2001 is dr. Toro vir die Nobelprys vir Vrede benoem.

**(Verwerk uit: *Rooi Rose*, 7 Februarie 2004)**

3.1 Wat beteken **heel** (in die lokparagraaf?) (1)

3.2 **Wêreldbekend** (r. 20) dui die intensiteit van bekend aan. Dui die intensiteit van **klein** (r. 2) aan. (1)

3.3 Van watter woord is **helende** (r. 18) afgelei? (1)

3.4 Dans hou ’n rits **voordele** (r. 9) in. Gee ’n woord met die teenoorgestelde betekenis as die vetgedrukte woord. (1)

3.5 Baie van ons het ons spontaneïteit verloor.(r.5) Herskryf die sin maar begin met: **Ons spontaneïteit** _______________ . (1)

3.6 Herskryf die sin: **Dans hou ’n lang rits voordele in** (r. 9), sodat dit iets is wat alreeds gebeur het. (1)

3.7 As jy jou **selde** (r. 8) op die dansvloer bevind, kan jy gerus dié jaar jou dansjaar maak. Wat word met die vetgedrukte woord bedoel? (1)

3.8 Wanneer jy jou dansvorm met oorleg **kies** (r. 15), maak jy ’n goeie (**kies**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.9 **Dansmaat** (r. 6) is ’n samevoeging van twee woorde. Maak nou ’n samevoeging van die vetgedrukte woorde in die volgende sinne: Jy kan jou groot **liefde** raakloop. Dit kan ’n **band** tussen julle skep. (1)

3.10 Skryf die korrekte vorm van die woorde tussen hakies neer:

3.10.1 **Deur in pas met iemand te dans verminder jy jou (alleen)**.
3.10.2 **Dans is dus baie (voordeel)**. (2)

3.11 Verbind die volgende sinne sinvol deur die woord **omdat** te gebruik. **Dans hou jou gesond. Dans hou voordele in**. (1)

3.12 Dr. Rolando Toro is 'n man, daarom word die woord **kunstenaar** (r. 21) gebruik. Skryf die woord neer wat jy sal gebruik indien dr. Toro 'n vrou is. (1)

3.13 Hoe sal jy die titel **professor** (r. 20) korrek afkort? (1)

3.14 In watter grepe sal jy **pasiënte** (r. 22) skryf? (1)
**(15)**

**EN**

## SLIM SELFOONPLANNE

**Selfoon is lankal nie meer net 'n plesier nie.**
**Inteendeel, dikwels is dit 'n pyn!** Deur Amalia van Jaarsveld

Jy staan in die ry om 'n fliekkaartjie te koop. Die man voor jou praat kliphard met 'n vriend oor sy selfoon terwyl almal gedwing word om na elke woord te luister. Wat nou gemaak?

Jy kan hom vriendelik op sy skouer tik en hom vra om sagter te praat. Of jy kan duim vashou dat sy vriend sy sein verloor. Of dat hy vergeet het om sy battery te laai en dit binnekort doodgaan. Of jy kan, as hy nie instem om sagter te praat nie, na 'n ander tou stap. Wreed, maar waar. Sorg net dat jy nie dieselfde doen en ander mense die harnas in jaag nie.

Wanneer mag jy iemand se selfoon gebruik? Die antwoord is: nooit nie. Dit is onaanvaarbaar om iemand anders se beltyd te gebruik net omdat jy joune nie gelaai het nie of jou perk oorskry het. Natuurlik kan hulle nie nee sê nie, dus dwing jy hulle eintlik om in te stem. Net in 'n vreeslike noodgeval mag jy vra, maar gewoonlik sal hulle sien dit is doodsake en self aanbied. Sou dit wel gebeur, praat vinnig en betaal vir die oproep.

Selfoonoproepe is duur. Beslis nie gemaak vir ellelange gesprekke nie. Mag jy 'n vriendin oor iets onbelangrik bel? Dit hang af wat haar selfoongewoontes is. Baie mense het net selfone omdat hulle dit in noodgevalle wil gebruik en nie om op te klets nie. Maar as jou vriendin gesê het sy is op haar selfoon beskikbaar, kan jy haar gerus bel. Hou die gesprek kort.

Ons almal weet daar is uitsonderings: Mense wat hulle oproepe moet beantwoord soos dokters, bomontlonters, wapeninspekteurs, ens.

Moet nooit hier op jou selfoon praat nie: kerke, biblioteke, dokter se wagkamer, teater, hysbakke, ens.

Het jy geweet? Daar is 120 miljoen selfoongebruikers in Amerika.

(Verwerk uit: *Vrouekeur*, 23 Januarie 2004)

3.15 Gebruik die woord **pyn** (in die lokparagraaf) in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het. (1)

3.16 Jy staan in die ry om nie net een **fliekkaartjie** nie (r. 1) maar baie ___________ te koop. Verskaf die ontbrekende woord. (1)

3.17 Jy kan jou klein (**duim**; r. 5) vashou dat sy vriend sy sein verloor. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer. (1)

3.18 **Hulle kan nie <u>nee sê</u> nie** (r. 13). Vervang die onderstreepte deel met EEN woord. (1)

3.19 Word **die harnas in jaag** (r. 9) letterlik of figuurlik bedoel? (1)

3.20 Watter betekenis word deur **on-** in **onaanvaarbaar** (r. 11) oorgedra ? (1)

3.21 Dis **belangrik** om 'n selfoon te hê, maar 3.21.1 (**belangrik**) om ander in ag te neem. Dis egter die 3.21.2 (**belangrik**) om nie ander te steur nie. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies. (2)

3.22 Herskryf die sin: **Selfoonoproepe is duur** (r. 17) deur 'n **nie** by te voeg. (1)

3.23 Wat doen iemand wat **klets** (r. 20)? (1)

3.24 Dui die verskil tussen **doktor** (r. 24) en **dokter** aan deur elk in 'n sin te gebruik. (2)

3.25 Indien jy die getal **120 miljoen** (r. 26) wil beklemtoon, kan jy dit in woorde skryf. Skryf dit in woorde. (1)

3.26 Persone van **Amerika** (r. 26) word 3.26.1 ____________ genoem, terwyl selfone uit **Amerika** 3.26.2 _____________ selfone genoem word (2)
**(15)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

AFDELING D
## TAALVERSORGING

- In hierdie afdeling moet jy die taalfoute korrigeer.
- Lees die onderstaande teks om die vrae te beantwoord.

### VRAAG 4

## Sorrie is altyd laat

Ek weet nie hoekom mense altyd dinge wil afbreek nie. Klim jy in 'n trein, sien jy die banke in eerste klas (deesdae Metro-plus) is stukend gesny. In derde klas (deesdae Metro) is die vensters uitgeskop en iemand wat nie kan spel nie, het oral die naam van sy bende op die mure probeer skryf. Hel, een rampokker het glad op 'n muur geskryf: *When I die burry me upside down* Ek bedoel, my vriend, wie wil dit nou doen?

Maar eintlik wil ek vertel van Bennie (ware storie, maar skuilnaam, natuurlik). Jy kry jou Bennies oral in die wêreld . Hulle wat die coin phones so ruk en pluk dat die geld

uitval en hulle dit vir hulself vat. Die *coin phone* is agterna in sy kanon, maar wat gee Bennie om? Hy het sy geld. Nou, die Bennie waarvan ek praat, was 'n rampokker.(Sy ma het dt altyd ontken met: "Hy is dan so 'n goeie kind in die huis. Die mense is maar net jaloers omdat hy so 'n ordentlike kind is en hul kinders sulke groot skollies is.") In elk geval, terug by Bennie. Hy breek toe mos al wat 'n *coin phone* is op die dorp en gebruik die geld vir dop en wat ookal. Ander mense wie in nood is en die foon wil gebruik, moet maar teleergesteld terugdraai, want die coin phone het weer eens hul geld gesluk. En Bennie maar breek net weer die phones vir dop-geld.

Tot die aand toe vier ouens Bennie voorkeer, hom *rob* en met 'n mes steek. Hulle hol weg en sy pêlle kom gou op hom af. "*Phone 'n ambulance,* asseblief" soebat hy". Kan nie Bennie, sê hulle. "En vir wat nogal nie, vra hy benoud." *Allie founs* is gebreek. Jammer, boet.

**Sorrie is altyd te laat**.

**(Verwerk uit: *Son*, 20 Februarie 2004)**

4.1 Vervang die opskrif met 'n aanvaarbare Afrikaanse spreekwoord. (1)

4.2 Gee die korrekte Afrikaanse woorde vir:

4.2.1 phone (r. 9).
4.2.2 rob (r. 18). (2)

4.3 Die gebruik van **wie** in (r. 15-17) is foutief. Skryf die korrekte woord neer. (1)

4.4 In reëls 14-17 is die woordorde nie korrek nie. Skryf slegs die sin waarin die fout voorkom, korrek oor. (1)

4.5 'n KOMMA is uitgelaat tussen r. 11- r. 13. Skryf slegs die TWEE woorde voor en na die komma neer en vul die komma in. (1)

4.6 In r. 20- r. 22 is 'n woord verkeerdelik met 'n kleinletter geskryf. Skryf slegs die woord korrek oor. (1)

4.7 Skryf oor in keurige Afrikaans: **Phone 'n ambulance**. (1)

4.8 Benewens die bostaande foute is daar ook TWEE spelfoute. Skryf die woorde korrek oor.

4.8.1 Een fout in r. 1-6
4.8.2 Een fout in r. 14-17 (2)

**TOTAAL VIR AFDELING D: [10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**